# Week 8
# Wiskunde
## Donderdag: 11 Junie 2020
## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Almal moet nou hulle eie Kitsrekenboekies by hulle hê. Dus gaan ek net die betrokke oefening(e) gee wat jy dan moet voltooi.

Voltooi volgende oefening:

Kitsrekenboekie: **Bladsy 54 nommer 72**

Nadat jy dit voltooi het, gaan jy na jou antwoorde in die middel van die boekie en merk jou Kitsreken.

Memorandum: Kyk by antwoorde in middel van boekie **p. 54 nr. 72**


## WISKUNDE-AKTIWITEIT


### Eienskappe van 3D voorwerpe

**Vraag 1**

Kies woorde uit die woordbank hieronder en skryf dit op die regte plekke in: **(5)**

rand ; vlak ; basis ; geboë oppervlak ; hoekpunt ; toppunt





**Vraag 2**

Wat is die verskil tussen 'n prisma en 'n piramide. Voltooi die tabel hieronder en teken 'n voorbeeld van elk. Gebruik jou liniaal vir alle sketse. **(4)**

| | **PRISMA** | **PIRAMIDE** |
|---|---|---|
| **Definisie** | ............................................................ ............................................................ ............................................................ | ............................................................ ............................................................ ............................................................ |
| **Skets** | | |

**Vraag 3**


In die volgende tabel word daar ‘n leidraad gegee. Gebruik die leidraad om die naam van die vorm te identifiseer. Teken ook ‘n voorbeeld van elkeen.

**(10)**

| | Naam van vorm | Eienskap / Beskrywing | Skets van vorm |
|---|---|---|---|
| 3.1 | | ‘n Driedimensionele vorm met ‘n ronde basis. Die hoekpunt word ook die toppunt van die driedimensionele vorm genoem. | |
| 3.2 | | ‘n Driedimensionele vorm met 6 vierkantige vlakke. | |
| 3.3 | | ‘n Driedimensionele vorm wat lyk soos ‘n buis. Dit het 3 vlakke, maar geen hoekpunte nie. | |
| 3.4 | | ‘n Driedimensionele vorm met ‘n vierkantige basis. Al die ander vlakke is driehoeke. | |
| 3.5 | | ‘n Bolvormige voorwerp sonder enige hoekpunte. | |

**Vraag 4**

Hier is ‘n voorbeeld van ‘n **afgeknotte** vierkantige piramide. Wat dink jy beteken die woord afgeknot?



______________________________

## Eienskappe van 3D voorwerpe


## Memorandum

**Vraag 1**

Kies woorde uit die woordbank hieronder en skryf dit op die regte plekke in:


rand ; vlak ; basis ; geboë oppervlak ; hoekpunt ; toppunt

**Rand**



**Vlak**

**Hoekpunt**





**Geboë oppervlak**

**Basis**



**Vraag 2**

Wat is die verskil tussen 'n prisma en 'n piramide. Voltooi die tabel hieronder en teken 'n voorbeeld van elk. Gebruik jou liniaal vir alle sketse.

| | PRISMA | PIRAMIDE |
|---|---|---|
| **Definisie** | **'n Driedimensionele voorwerp met twee identiese, parallelle vlakke wat veelhoeke is.** | **'n Driedimensionele voorwerp wat 'n veelhoek as basis het, waarvan al die ander vlakke driehoeke is.** |
| **Skets** |  |  |


**Vraag 3**

In die volgende tabel word daar ‘n leidraad gegee.  Gebruik die leidraad om die naam van die vorm te identifiseer.  Teken ook ‘n voorbeeld van elkeen.

| | **Naam van vorm** | **Eienskap / Beskrywing** | **Skets van vorm** |
|---|---|---|---|
| 3.1 | **Keël** | ‘n Driedimensionele vorm met ‘n ronde basis.  Die hoekpunt word ook die toppunt van die driedimensionele vorm genoem. |  |
| 3.2 | **Kubus** | ‘n Driedimensionele vorm met 6 vierkantige vlakke. |  |
| 3.3 | **Silinder** | ‘n Driedimensionele vorm wat lyk soos ‘n buis.  Dit het 3 vlakke, maar geen hoekpunte nie. |  |
| 3.4 | **Vierkantige piramide** | ‘n Driedimensionele vorm met ‘n vierkantige basis.  Al die ander vlakke is driehoeke. |  |
| 3.5 | **Sfeer** | ‘n Bolvormige voorwerp sonder enige hoekpunte. |  |

**Vraag 4**

Hier is ‘n voorbeeld van ‘n **afgeknotte** vierkantige piramide.  Wat dink jy beteken die woord afgeknot?



‘n Afgekapte of afgestompte vorm.

Vandag gaan jy so ‘n bietjie in jou Wiskunde Rooiboek van die Departement ook werk.

Bladsye 142 – 149 het lekker aktiwiteite oor 2D-vorms en 3D-voorwerpe in wat jy kan doen.  Maak gebruik van al jou kennis wat jy nou al hierdie week opgedoen het en dan kyk jy of jy die aktiwiteite kan voltooi.

Lekker werk en geniet dit.